

## Saterdag 26 Maart

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:4**

### Hy is begrawe

Die hoofsaak van die evangelie is in vier hoofmomente saam te vat: Christus het *gesteef*; is *begrawe*; op die derde dag *opgewek*; Hy het sigbaar *verskyn*. Dit is die grondpilaar van die evangelie. Indien enige van hulle verwyder word, stort die hele heilsboodskap ineen.

In 1 Korintiërs 15 word – teen die agtergrond van sommige in Korinte wat Jesus se dood en opstanding as ’n mite verstaan het – op Christus se opstanding en op die betekenis daarvan gefokus. Voorafgaande hieraan is ’n hoofmoment van die evangelie dat Christus *begrawe* is.

Nadat Christus sy lewe vir die skape afgelê het, is Hy begrawe. Dit is waarby die dag ná *Goeie Vrydag* ons te staan bring. Sy begrafnis is bewysbaar en aanwysbaar: Hy is in die graf van Josef van Arimatea weggele (Joh. 19:38-42). Die Kategismus vra na die betekenis hiervan: “Waarom is Hy begrawe?” (HK 16:41). Sy dood was geen skyndood nie. Dit is nie ’n mite nie. Sy begrafnis verseker sy werklike dood. Só volledig het Hy ons plek ingeneem: in Hom is die verderf van die geskape werklikheid tot die einde deurgevoer.

Hoe diep is Jesus vir ons verneder! Hy is begrawe. Hoe is dit egter ’n grondpilaar van die evangelie, van troos waar ons lewe by die graf eindig? Hy is ook by en met ons in ons begrafnis. Hy is een met ons, selfs in die graf. In die graf laat die goeie herder sy skape nie aan hulleself oor nie: “*Al gaan ek ook in die dal van doodskaduwee, sal ek geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my*” (Ps. 23:4).

*Sing: Psalm 23:2 (1936)*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*